

Sing vooraf: Psalm 123:1 (p. 614)

- 1 Ek hef tot U wat in die hemel sit, / my oë op en bid.
Net soos die kneg sy oog nie weg wil weer nie, / of aftrek van sy heer nie;
en soos die diensmaagd smekend van haar vrou nie / die oë af kan hou nie –
so staar ons op die HEER tot daar van Hom / oplaas erbarming kom.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 145:2, 10 (p. 696)

- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 10 Die Heer is reg in al sy weg en werk, / sy goedheid ken, die wêreld deur, geen perk.
Hy is naby die siel wat tot Hom sug, / Hy troos die hart wat skreiend tot Hom vlug.

Geloofsbelydenis: Apostolicum

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes met Psalm
119:17 (p. 590)*

Wet

Psalm 119:17 (p. 590)

- 17 As ek sien die wetverlaters, / kom daar skrik in my gemoed,
en 'n heil'ge vuur van ywer / laat dit opbruis in my bloed.
Want u wet wat hul verwerp het, / in hul agting waardeloos,
is die stof van my gesange, / op my pelgrimspad my troos.

Gebed

Here God, almagtige Vader, U het alles geskape en onderhou dit nog deur u weldade. Ons dank U vir al u weldade. U milde hand gee sonder ophou aan ons. Ons dank U dat dit u goddelike wil is om ons in hierdie tydelike lewe te onderhou – nie net na wat ons liggaam nodig het nie, maar bowenal na die behoeftes van ons gees.

Ons dank U dat u Gees ons weer gelei het om hierdie bymekaar te kom as 'n gemeente, sodat u Naam deur ons verheerlik kan word.

Ons prys u Naam lof dat ons deur U wederbore is tot die hoop van 'n nuwe lewe. Hemelse God, lei die wêreld tot sy volheid, sodat u koninkryk kom en ons, as u kinders, in Christus verheerlik sal word.

Lei U ons volk so dat ons altyd opwaarts kyk na die hemel. Ons gemeente verwag Jesus Christus totdat Hy op die wolke verskyn tot ons verlossing.

Laat u Gees ons deur die lewe lei.

Om Jesus wil.

Amen.

Psalm 128:1 (p. 627)

- 1 Wie deur Gods vrees bewoë, / trou op die weg wil gaan,
waar hom Gods wil voor oë / en klaar getekend staan
die arbeid van sy hande / sal hy met vreug geniet
wanneer die koringlande / met seen hul opbrings bied.

Skriflesing: Numeri 21 en Johannes 3:11-21

Teks: Numeri 21:8

Maak vir jou 'n giftige slang en sit dit op 'n paal; dan sal elkeen wat gebyt is en daarna kyk, lewe. (Numeri 21:8 AFR1953)

Elkeen moet glo – en op grond van sy geloof word hy gered van die giftige byt. Dit wat vir die wêreld die grootste dwaasheid is, is juis vir die Christen die kern van sy geloof:

- Dat hy kan glo dat die Here Jesus verhoog is toe Hy 'n kruisdood moes sterf.
- Dat hy kan glo dat die **dood** van die Here Christus vir hom **lewe** verwerf.

Israel is op pad. Hulle trek óm Edom deur die woestyn, verby die Golf van Akaba.

- Ongetwyfeld is hier onder Israel nog van die oorgeblewenes van die geslag wat Egipte geken het.
- Dit is hulle wat volgens die oordeel van Numeri 14:26-35 nog in die woestyn moet sterwe.

Hierdie groep laat die ou klanke van murmurering weer hoor, naamlik dat dit in Egipte beter was. Die Israëliete ondervind nou watter ontberinge die woestynlewe meebring. Onmiddellik is hulle ongeduldig.

Klagtes en verwyte klink op teen Moses en teen God.

- Hulle is nou in die woestyn.
- Hulle is sonder brood en water.
- Hulle aanvaar somer dat hulle hier in die woestyn gaan sterwe.
- Hulle moes tog liever in Egipte gebly het.

Hulle weet dat hulle geen saak het nie, maar om 'n skyn van grond aan hulle murmureringe te gee, praat hulle smalend van die manna waarmee God hulle daaglik gevoed het.

- Hulle sê dat dit kos is waarvan hulle siele walg.
- Met ander woorde, hulle verag die kos waarmee die Here hulle voed.

Dan word God kwaad. Hy stuur giftige – letterlik brandende – slange om die volk te byt.

- God sluit met hierdie strafmaatreeël van Hom by die natuur aan – die woestyn het baie adders en slange.
- Nou gebruik die Here hierdie slange om die volk te byt.

Dit was vir die Jode eintlik 'n dubbele straf, want die Jode in daardie tyd was baie bygelowig oor slange, en hulle het slange beskou as die bewakers van die onderwêreld.

Nou beskik die Here juis slange om hulle uit te delg.

- Baie van die volk sterf deur die slange.
- God gebruik slange om hulle trots te knak. Wanneer hulle nie eers die slange te bowe kan kom nie, moet hulle hulle dwaasheid insien om teen God te rebelleer.
- Die Here maak hulle lyding nog swaarder deurdat Hy hulle laat dors ly.

Maar dan kom die resultaat.

- Die verskrikking van die straf het die volk tot inkeer gebring. Hulle bely: Ons het gesondig.
- Hulle roep Moses om vir hulle by God te bid.

Op dié manier leer God hulle dat hy met sy vaderlike beskerming hulle gebring het tot waar hulle is, en dat Hy by magte is om hulle murmureringe te straf.

God is onmiddellik bereid om na hulle berou te luister en hulle gebed deur Moses aan te hoor.

- Die Here neem die plaag weg, maar nie op 'n natuurlike wyse nie.
- Hy sê vir Moses:

Daarop sê die HERE aan Moses: Maak vir jou 'n giftige slang en sit dit op 'n paal; dan sal elkeen wat gebyt is en daarna kyk, lewe. (Numeri 21:8 AFR1953)

Niks sou met die eerste oogopslag meer onsinnig gelyk het as om 'n koperslang te maak wat die dodelike slangbyte moes teëwerk nie.

- Maar die Here beveel 'n manier van redding aan wat heeltemal in disharmonie is met die mens se verstand en hoe die mens dink.
- Die Here doen dit sodat die mens moet glo en weet dat hy alleen deur die genade van God van die dood weggeruk kan word.

Waarom moes Moses juis 'n slang maak?

- Omdat dit 'n slang is wat hulle gebyt het, en dat hulle kan glo dat dit God is wat hulle van die slangbyt kan genees.
- Dit moes vir hulle duidelik wees dat God hulle kan red van dit wat hulle ellende veroorsaak.
- Hierdeur word die genade van God baie duideliker geopenbaar as wat dit deur 'n natuurlik kuur geopenbaar sou word.

Die Here beloof lewe aan dié wat met volle geloof in Hom na die koperslang kyk.

- Die slang is slegs die belofte op lewe.
- Die Here maak dit geneeskragtig.
- Die slang word die teken van die vergewende genade van God, wat die mens van die dood verlos.

Verder wys die slang op die paal op die magteloosheid van die slang. Dit is die teken van oorwinning van die Here oor die slang wat magteloos op die paal sit.

Later het die Israeliete natuurlik die slang self begin aanbid, en dit het die volk van God vervreem.

- Die slang self het vir hulle die redding geword.
- Ons lees in 2 Konings 18:4:

Hy het die hoogtes afgeskaf en die klippilare verbreek en die heilige boomstamme omgekap en die koperslang wat Moses gemaak het, stukkend gestamp, omdat die kinders van Israel tot op dié dae daarvoor offerrook laat opgaan het; en hy het dit Nehústan genoem. (2 Konings 18:4 AFR1953)

Die doel van die koperslang was om die Israeliete te laat beseef dat hulle enigste redding van God alleen kom, soos wat die profeet Jesaja dit neerskryf:

Wend julle tot My en laat julle red, alle eindes van die aarde! Want Ek is God, en daar is geen ander nie. (Jesaja 45:22 AFR1953)

Die slang op die paal wys natuurlik ook op die kruisiging van die Here Jesus Christus, wat die mens van die dood verlos.

- Net soos wat die slang wat die dood veroorsaak, die simbool van lewe word, so is die **dood** van Christus die middel tot **lewe** vir die mens.

Die kruis wat die simbool is van die dood en die verderf, is die teken wat die mens verlos van die dood en verderf waarin hy verkeer.

- Die kruis is egter veel meer as die koperslang, want die koperslang is net die **belofte** op lewe.
- In die kruisiging van Christus **is** die lewe vir dié wat glo.

Deur sy dood het Christus reeds die lewe verwerf vir elkeen wat by Hom hoort. Paulus skryf van ons loskoping met dié woorde:

Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons 'n vloek te word – want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan 'n hout hang

(Galasiërs 3:13 AFR1953)

Met nadruk stel die apostel Paulus die Here Jesus Christus op die voorgrond.

Die apostel Petrus bely dieselfde as hy skryf:

wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is. (1 Petrus 2:24 AFR1953)

Die Here Jesus knoop self sy kruisdood aan die verhoging van die slang. Hy sê vir Nikodemus:

En soos Moses die slang in die woestyn verhoog het, so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. (Johannes 3:14-15 AFR1953)

Jesus leer ons dus dat dit wat in hierdie donker gebeurtenis vertoon is, in Homself vervul en voltooi is.

- Die Here Jesus Christus se verhoging beteken nie dat Hy daardeur verheerlik word nie, maar dat Hy opgehang word aan 'n kruis – tussen die hemel en die aarde.
- Nie een van die twee wou Hom ontvang nie, daarom kon Hy uitroep dat selfs God Hom verlaat het.

Wanneer die Here Jesus sy verhoging met dié van die slang in die woestyn vergelyk, bedoel Hy dus sy verhoging aan die kruis, waar Hy deur God sonde gemaak is vir ons.

- Deur die verhoging wil die Vader ons inlyf in die liggaam van Christus.
- Paulus skryf dat die wêreld van wysheid God nie geken het nie, maar dat Hy Homself as God bevestig het deur die dwaasheid van die kruis.

Net soos wat die koperslang na 'n dwaasheid lyk vir dié wat nie glo nie, so lyk die kruis na 'n dwaasheid vir dié wat nie in die hemel tuis hoort nie.

Net soos wat die verlossing deur die koperslang bo die verstand van die Jode uitgegaan het, so gaan ons verlossing deur die kruis van Christus bo ons verstand uit.

Daarom moet ons ons nie skaam om ons redding in die kruis van Christus te soek nie.

- Veral in ons tyd leef ons tussen mense wat net in dinge glo wat mens met die verstand kan uitredeneer.
- Omdat Godsdienste nie iets is wat jy kan uitredeneer nie, raak die mense los en weg van die kerk.
- So raak al hoe meer mense kerkvervreem en van God vervreem.

Maar luister na wat die Bybel vir ons te sê het in 1 Korintiërs 10:9 & 11:

En laat ons Christus nie versoek soos ook sommige van hulle gedoen het nie, en hulle het deur die slange omgekóm. (1 Korintiërs 10:9 AFR1953)

Maar al hierdie dinge het hulle oorgekóm as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekóm het.
(1 Korintiërs 10:11 AFR1953)

Amen.

Ons dank U, Here, dat U u kinders so bewaar dat ons harte nie in die aardse en verganklike dinge inwortel nie. Dat ons kan leef tot u eer. U is goed, Here, en u goedertierenheid is tot in ewigheid. Vergeef ons alle oortredinge van elke dag.

Ter wille van die verdienste van Jesus Christus pleit ons by U.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 135:1, 8 (p. 655)

- 1 Prys die Naam van onse HEER! / Hef tesaam die lofsang aan!
Loof sy goedheid, gee Hom eer, / al wie in sy voorhof staan!
Loof Hom by die heugenis / van sy Naam wat lieflik is.

- 8 U Gedenknaam, HEER, sal leef / tot die verste nageslag.
U sal nooit u volk begeef, / maar U hou oor hul die wag.
En u knegte, skoon ontrou, / U sal hul in liefde aanskou.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 4 Oktober 2009